


CMAC
HEALTHCARE CONSULTING
Dr. Pikkie Kok
(HED, B.A. B.Ed., M.Ed., Ph.D.)
FINANCIAL & HEALTHCARE ADVISOR
145 Dr. Yusuf Dadoo Ave. (Old Brady Ave.) La Hoff , KLERKSDORP 2570
P.O. Box 10710, KLERKSDORP 2570
Tel: (018) 468 7402 CELL: 082 226 5981 Fax: 0866522770 / (018) 468 8153
E-mail: cmacnw@mweb.co.za
Council of Medical Schemes Accreditation Nr: 3921 FSP Nr.:17112/17137/19355


# Necesse
## Netwerk



2020

medihelp
mediese skema

# Necesse Netwerk

Hierdie omvattende produk bied gehaltedekking vir mediese uitgawes binne en buite die hospitaal deur 'n uitgebreide netwerk van privaat hospitale en gesondheidsorgverskaffers. Met 'n spesiale tarief vir studente is Necesse ook die ideale gesondheidsorgplan vir voltydse studente.




| | Bruto maandelikse inkomste | |
|---|---|---|
| | Voltydse studente R0 – R600 | R601+ |
| **Hooflid** | R597 | R2 551 |
| **Afhanklike** | R597 | R1 994 |
| **Kinderafhanklike <21 jaar** | R597 | R1 108 |

**Belangrik**
Hierdie brosjure bied slegs 'n opsomming van die voordele wat ondergewig is aan goedkeuring deur die Raad vir Mediese Skemas. In die geval van 'n dispuut sal die geregistreerde Reëls van Medihelp geld. 'n Volledige lys van voordele, tariewe en al die dienste wat uitgesluit is van voordele, is in die Reëls van Medihelp vervat en is op aanvraag beskikbaar.



# Bykomende versekerde voordele

Hierdie voordele word bykomend tot ander versekerde voordele gebied, mag onderhewig wees aan beskikbare dag-tot-dag-voordele, en moet versoek word deur 'n algemene praktisyn in die Necesse-netwerk, tensy anders aangedui.

## Gesondheidstoetse en immunisering

- Een bloedglukose- en een cholesteroltoets
- MIV-toetsing, berading en ondersteuning
- 'n Tetanusinenting
- 'n Griepinenting deur 'n algemene praktisyn in die Necesse-netwerk, of by enige netwerkapteek (betaalbaar uit die selfmedikasievoordeel)
- 'n Papsmeer
- 'n Mammogram
- 'n Prostaattoets (PSA-vlak)

## Uitgebreide voordele vir bevallings

- Gratis registrasie vir en deelname aan die HealthPrint-swangerskap-en-babaprogram
- 2 konsultasies per bevoordeelde by 'n ginekoloog
- Twee 2D ultraklanksonars per bevoordeelde

# Dag-tot-dag-voordele

Sluit voordele vir doktersbesoeke, tandheelkunde en oogkunde in

## Konsultasies

- 9 konsultasies by ’n netwerkdokter per bevoordeelde per jaar
- R3 200 per lid en R4 500 per gesin per jaar vir spesialissorg (onderhewig aan verwysing deur ’n Necesse-netwerkdokter en voorafgoedkeuring)
- Voor- en nageboortesorg deur ’n Necesse-netwerkdokter

## Ander mediese dienste

- R2 050 per lid en R3 200 per gesin per jaar vir fisioterapie en arbeidsterapie nie tydens hospitalisasie, deur ’n netwerkdokter versoek
- 100% van die MT vir swart en wit X-strale en ultraklank-sonars van die sagte weefsel (onderhewig aan spesifieke radiologiekodes)
- 100% van die MT vir bloedtoetse (onderhewig aan ’n lys patologiekodes en -toetse) deur Lancet/PathCare uitgevoer op versoek van ’n Necesse-netwerkdokter
- Rolstoele – R4 700 per gesin in ’n 3-jaartydperk

## Medisyne

- Akute medisyne deur ’n resepterende netwerkdokter voorsien
- ’n Lys van goedgekeurde medisyne-items voorgeskryf deur ’n netwerkdokter of netwerktandarts en bekom by ’n netwerkapteek
- Selfmedikasie by ’n netwerkapteek verkry
  - R100 per geval
  - R290 per bevoordeelde per jaar

## Oogkunde

PPN-netwerk van oogkundiges
Beskikbaar per bevoordeelde in ’n 24-maandesiklus:

- 1 volledige oogondersoek
- Brille of kontaklense

  **Brille**
  - R550 vir ’n raam- en/of lensverbeterings
  - 1 paar standaard wit Aquity-enkelvisielense of bifokale lense (multifokale lense word teen die koste van bifokale lense betaal)

  **Kontaklense**
  - R730 per bevoordeelde

## Tandheelkunde

DRC-netwerk van tandartse

- 1 roetine-ondersoek per bevoordeelde per jaar
- 1 skaleer- en poleerbehandeling per bevoordeelde per jaar
- 4 stopsels per bevoordeelde, 1 stopsel per tand in 365 dae
- Trek van tande (voorafgoedkeuring word benodig vir meer as 4 ekstraksies)
- Wortelkanaalbehandeling in die spreekkamer vir 2 permanente tande per bevoordeelde per jaar
- Laggas (in die spreekkamer)
- X-strale
  - 4 intra-orale X-strale per bevoordeelde per jaar
  - 1 ekstra-orale X-straal per bevoordeelde in ’n 3-jaartydperk

DRC - Dental Risk Company
MRB - Magnetiese resonansiebeelding
PPN - Preferred Provider Negotiators
RT - Rekenaartomografie

# Kernvoordele

Sluit voordele vir groot mediese uitgawes soos hospitalisasie en mediese noodgevalle in

## Dekking vir noodgevalle

Onbeperkte dekking in Suid-Afrika vir pad- of lugvervoer in ’n noodgeval, vooraf goedgekeur en voorsien deur Netcare 911

## Noodeenheidbesoeke en konsultasies buite die netwerk

- 80% van die MT
  R1 100 per lid en R2 250 per gesin per jaar
  Buitepasiëntkonsultasies by noodeenhede, doktersbesoeke buite die netwerk insluitend medisyne, dienste en radiologie
- 100% van die MT
  Patologie (by aangewese diensverskaffers – Lancet/PathCare)

## Chroniese siektes/VMV en trauma

- 100% dekking vir 270 VMV- en 26 chroniese toestande (aangewese diensverskaffers, formulariums, netwerke, protokolle en voorafgoedkeuring is van toepassing)
- Onbeperkte dekking vir trauma wat hospitalisasie vereis (motorongelukke en soortgelyke trauma)
- Ander VMV-dienste bv. onkologie, MIV/vigs, prostese en nierdialise

## Hospitalisasie

100% van die MT vir hospitalisasie in ’n netwerkhospitaal (onderhewig aan voorafgoedkeuring en protokolle)

## Alternatiewe sorg pleks van hospitalisasie

R22 300 per gesin per jaar vir subakutesorg en privaat verpleging as alternatief vir hospitalisasie

## Appendektomie

Konvensionele of laparoskopiese prosedure – onbeperk

## Bevalling

- Nie-VMV: R26 300 vir keisersnee uit eie keuse
- VMV: 100% van die MT
- Tuisbevalling: R13 000 per geval

## Orgaanoorplanting

VMV – 100% van die koste

- Kornea-inplanting – R28 800 per inplanting per jaar

## Fisio- en arbeidsterapie

Tydens hospitalisasie, R9 850 per gesin per jaar (fisioterapiedienste moet deur die behandelende mediese dokter versoek word)

## Kliniese tegnoloogdienste

R22 300 per gesin per jaar (tydens hospitalisasie)

## Radiologie en patologie

- R30 500 per gesin per jaar vir standaardradiologie, patologie en mediese tegnoloogdienste tydens hospitalisasie
- R16 500 per gesin per jaar vir gespesialiseerde radiologie tydens en nie tydens hospitalisasie. Dienste moet versoek word deur ’n spesialis op verwysing van ’n netwerkdokter, en voordele is onderhewig aan kliniese protokolle.
  - MRB & RT-beelding (onderhewig aan voorafgoedkeuring) en angiografie

Voordele word betaal teen 100% van die Medihelp-tarief (MT)

# 'n Volhoubare keuse

**114** jaar — Meer as 'n **eeu** se **ondervinding**

**202 097** lewens — Groot genoeg vir **vertroue**, klein genoeg vir **omgee**

In **beheer** — **Interne** stelsels, diens & eiseverwerking

**AA-** gradering — Vermoë om jou eise te betaal, word **hoog aangeslaan**

**Finansieel** gesond — Solvensievlak bo wetlike vereiste - **28,65%**

Ledebasis **groei** en word **nie ouer nie**

# Bestendige dienslewering

Jy kan op verskeie maniere met ons skakel:

Telefoon | E-pos | Aanlyn klets

Medihelp se digitale diensplatforms:

Webtuiste ⇄ Member Zone ⇄ App vir lede

- Laai jou e-lidmaatskapkaart en belastingsertifikaat af en e-pos dit
- Sien jou voordele, monitor en dien eise in
- Bring jou kontakbesonderhede op datum
- Doen aansoek om hospitaalgoedkeuring
- Soek vir 'n gesondheidsorgverskaffer naby jou
- Gebruik die uitslae van jou gesondheidstoetse en eise om jou Medihelp-gesondheidsdata te sien, by te werk en te deel

## Verduideliking van terme

**Hospitaalvoordele** is voordele vir dienste wat tydens hospitaalverblyf deur die netwerkhospitaal gelewer word. Dit sluit saalakkommodasie en saalmedisyne in, asook standaardradiologie, patologie en konsultasies tydens hospitalisasie. Hospitaalvoordele is aan voorafgoedkeuring onderhewig en 'n 80%-voordeel is op die hospitaalrekening van toepassing indien die opname nie vooraf goedgekeur is nie. Noodopnames moet op die eerste werksdag ná die opname geregistreer word. 65% voordele geld vir vrywillige opnames in hospitale buite die netwerk.

**Netwerkvoordele-opsies** bied voordele aan lede in samewerking met 'n diensverskaffersnetwerk. Lede moet die netwerk gebruik om vir voordele te kwalifiseer en bybetalings te voorkom.

'n **Nood mediese toestand** is die skielike en onverwagse voorkoms van 'n gesondheidstoestand wat onmiddellike mediese of chirurgiese behandeling vereis en waar die versuim om hierdie behandeling te verskaf, die ernstige aantasting van liggaamsfunksies of ernstige wanfunksionering van 'n orgaan of liggaamsdeel tot gevolg kan hê of die persoon se lewe in ernstige gevaar kan stel. 'n Mediese praktisyn moet die nood mediese toestand as sulks sertifiseer. Nood mediese toestande kwalifiseer vir VMV en moet dus vir VMV geregistreer word (sien ook "VMV").

**VMV – Voorgeskrewe minimum voordele** word betaal vir 26 chroniese toestande op die Chronic Diseases List (CDL) en 270 diagnoses met hul behandelings wat in die Regulasies onder die Wet op Mediese Skemas 131 van 1998 gepubliseer is. Hierdie Regulasies verplig mediese skemas om voordele te betaal vir die diagnose, behandeling en sorgkoste wat met enige van hierdie toestande verband hou asook vir mediese noodgevalle (wat voldoen aan die gepubliseerde definisie) sonder dat enige limiete van toepassing is. VMV is aan voorafgoedkeuring, protokolle en die gebruik van aangewese diensverskaffers onderhewig, waar toepaslik (bv. Lancet/PathCare vir patologietoetse en 'n spesialis in die Necesse-spesialisnetwerk). VMV-dienste word eers uit die toepaslike dag-tot-dag-voordele betaal. Besoek www.medihelp.co.za vir 'n lys van verskaffers of gebruik die app vir lede.

# Necesse-netwerk van privaat hospitale en dagklinieke

## Jy het toegang tot ’n netwerk van 131 privaat hospitale en dagklinieke landwyd

### Gauteng

| | |
|---|---|
| Alberton | Netcare Clinton Hospitaal |
| | Netcare Union Hospitaal |
| Benoni | Netcare Lakeview Hospitaal (slegs tandheelkundeprosedures) |
| | Netcare Linmed Hospitaal |
| Boksburg | Medicross Boksburg (slegs tandheelkundeprosedures) |
| | Netcare Sunward Park Hospitaal |
| Heidelberg | Life Suikerbosrand Kliniek (slegs bevallings en neonatale opnames) |
| Johannesburg | Intercare Sandton Daghospitaal |
| | Mediclinic Morningside |
| | Mediclinic Sandton |
| | Netcare Garden City Kliniek (slegs bevallings en neonatale opnames) |
| | Netcare Mulbarton Hospitaal |
| | Netcare Park Lane Hospitaal (slegs bevallings en neonatale opnames) |
| | Netcare Rand Hospitaal |
| | Wits Donald Gordon Mediese Sentrum |
| Kempton Park | Birchmed Chirurgiese Sentrum (slegs tandheelkundeprosedures) |
| Krugersdorp | Netcare Krugersdorp Hospitaal |
| | Netcare Pinehaven Hospitaal |
| | Netcare Protea Dagkliniek |
| Midrand | Netcare Waterfall City Hospitaal |
| Midstream | Mediclinic Midstream |
| Pretoria | Cure Day Hospitaal Medkin (slegs tandheelkundeprosedures) |
| | Intercare Irene Daghospitaal |
| | Intercare Hazeldean Daghospitaal |
| | Life Groenkloof Hospitaal (slegs onkologie) |
| | Life Pretoria-Noord Chirurgiese Sentrum (slegs tandheelkundeprosedures) |
| | Mediclinic Ginekologiese Hospitaal |
| | Mediclinic Harthospitaal |
| | Mediclinic Kloof |
| | Mediclinic Legae |
| | Mediclinic Medforum |
| | Mediclinic Muelmed |
| | Netcare Akasia Hospitaal |
| | Netcare Bougainville Hospitaal |
| | Netcare Montana Hospitaal |
| Soweto/Lenasia | Lenmed Ahmed Kathrada Privaat Hospitaal |
| | Lenmed Daxina Privaat Hospitaal |
| Springs | Netcare N17 Hospitaal |
| Vanderbijlpark | Mediclinic Emfuleni |
| | PJ Schutte Teatereenheid (slegs tandheelkundeprosedures) |
| Vereeniging | Mediclinic Vereeniging |

### Noord-Kaap

| | |
|---|---|
| Kathu | Lenmed Kathu Privaat Hospitaal |
| Kimberley | Mediclinic Kimberley |
| Upington | Mediclinic Upington |

### Wes-Kaap

| | |
|---|---|
| Atlantis | Wesfleur Privaat Kliniek |
| Kaapstad | Intercare Century City Mediese- & Daghospitaal |
| | Mediclinic Cape Gate |
| | Mediclinic Kaapstad |
| | Mediclinic Constantiaberg |
| | Mediclinic Durbanville |
| | Mediclinic Durbanville Daghospitaal |
| | Mediclinic Louis Leipoldt |
| | Mediclinic Milnerton |
| | Mediclinic Panorama |
| | Medicross Foreshore Daghospitaal |
| | Melomed Gatesville |
| | Netcare Christiaan Barnard Gedenkhospitaal (slegs pediatriese kardiologie) |
| Ceres | Netcare Ceres Hospitaal |
| George | Mediclinic Geneva |
| | Mediclinic George |
| Hermanus | Mediclinic Hermanus |
| Knysna | Life Knysna Privaat Hospitaal |
| Mosselbaai | Life Bayview Privaat Hospitaal |
| Oudtshoorn | Mediclinic Klein Karoo |
| Paarl | Mediclinic Paarl |
| Plettenbergbaai | Mediclinic Plettenbergbaai |
| Somerset-Wes | Mediclinic Vergelegen |
| Stellenbosch | Mediclinic Stellenbosch |
| | Mediclinic Stellenbosch Dagkliniek |
| | Mediclinic Winelands Ortopediese Hospitaal |
| Strand | Mediclinic Strand |
| Vredenburg | Life Weskus Privaat Hospitaal |
| Worcester | Mediclinic Worcester |

### Oos-Kaap

| | |
|---|---|
| Oos-Londen | Life Beacon Bay Hospitaal |
| Grahamstad | Netcare Settlers Hospitaal |
| Humansdorp | Life Isivivana Privaat Hospitaal (slegs bevallings en neonatale opnames) |
| Port Alfred | Netcare Port Alfred Hospitaal |
| Port Elizabeth | Life St George’s Hospitaal (slegs bevallings en neonatale opnames) |
| | Medical Forum Theatre |
| | Netcare Greenacres Hospitaal |
| Queenstown | Life Queenstown Privaat Hospitaal |
| Uitenhage | Netcare Cuyler Hospitaal |

### KwaZulu-Natal

| | |
|---|---|
| Amanzimtoti | Netcare Kingsway Hospitaal |
| Ballito | Netcare Alberlito Hospitaal |
| Durban | Life Chatsmed Garden Hospitaal |
| | Medicross Bluff |
| | Medicross Malvern |
| | Netcare Parklands Hospitaal |
| | Netcare St Augustine’s Hospitaal |
| Empangeni | Life Empangeni Privaat Hospitaal |
| Howick | Mediclinic Howick |
| Kokstad | Kokstad Privaat Hospitaal |
| Margate | Netcare Margate Hospitaal |
| Newcastle | Mediclinic Newcastle |
| | Mediclinic Newcastle Daghospitaal |
| Nongoma | Nongoma Privaat Hospitaal |
| Pietermaritzburg | Mediclinic Pietermaritzburg |
| Pinetown | Medicross Pinetown |
| Port Shepstone | Hibiscus Privaat Hospitaal |
| Richardsbaai | Netcare The Bay Hospitaal |
| Shelly Beach | Shelly Beach Dagkliniek |
| Tongaat | Mediclinic Victoria |
| Umhlanga | Netcare Umhlanga Hospitaal |

### Noordwes

| | |
|---|---|
| Brits | Mediclinic Brits |
| Klerksdorp | Sunningdale Hospitaal |
| | Wilmed Park Privaat Hospitaal |
| Marikana | Andrew Saffy Gedenkhospitaal |
| Potchefstroom | Mediclinic Potchefstroom |
| Rustenburg | Life Peglerae Hospitaal |
| | Netcare Ferncrest Hospitaal |
| Vryburg | Vryburg Privaat Hospitaal |

### Mpumalanga

| | |
|---|---|
| eMalahleni | eMalahleni Privaat Hospitaal |
| | Advanced De La Vie Daghospitaal |
| Ermelo | Mediclinic Ermelo |
| Middelburg | Life Midmed Hospitaal |
| Nelspruit | Mediclinic Nelspruit |
| Secunda | Mediclinic Secunda |
| Trichardt | Mediclinic Highveld |

### Vrystaat

| | |
|---|---|
| Bethlehem | Mediclinic Hoogland |
| Bloemfontein | Mediclinic Bloemfontein |
| Kroonstad | Koinonia Dagteater (dr LJ van Wyk) (slegs tandheelkundeprosedures) |
| | Netcare Kroon Hospitaal |
| Welkom | Mediclinic Welkom |
| | Welkom Mediese Sentrum |

### Limpopo

| | |
|---|---|
| Bela Bela | St Vincent’s Hospitaal |
| Lephalale | Mediclinic Lephalale |
| Makhado | Zoutpansberg Privaat Hospitaal |
| Polokwane | Mediclinic Limpopo |
| | Mediclinic Limpopo Dagkliniek |
| Thabazimbi | Mediclinic Thabazimbi |
| Tzaneen | Mediclinic Tzaneen |

Medihelp mag die inligting in hierdie lys van tyd tot tyd verander en sal enige wysigings op ons webblad by www.medihelp.co.za publiseer.

September 2019

uppe marketing A20857

medihelp
mediese skema

086 0100 678
www.medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)